

Dinsdag 12 Mei

Skrifgedeelte: Matteus 26:57-68

Fokusgedeelte: Matteus 26:60

Jesus: Onskuldig en tog skuldig “bevind”!

Ons sien in hierdie gedeelte hoe die hoëpriester en skrifgeleerdes aanklagte en skuld teen Jesus probeer inbring. Dit lyk so in die taalgebruik of hulle nogal groot moeite hiermee gedoen het, maar gesukkel het, want die waarheid is dat daar geen skuld in Hom is nie.

So lees ons in vers 60 daar het baie vals getuïenisse ingekom, baie mense wat dinge beweer het en met groot moeite stories opgemaak het, maar dit alles is as vals bewys. Hulle kon niks vind nie, want daar was niks nie. Jesus as mens was heilig, volmaak en onskuldig. Juis daarom was die offer van sy lewe aan die kruis volkome perfek en is dit so bevestig deur die Vader wat die voorhangsel laat skeur en die einde aankondig van die skeiding tussen God en sy mense.

Wie wel baie maklik skuldig bevind sou word, is ek en jy, vol sonde en gebrokenheid en van nature geneig om liefdeloos, selfvoldaan en verlore te lewe. Juis daarom moet Jesus daar staan, gespot, beledig, verneder en dan die ergste van alles aan die kruis onder die toorn van God, omdat ek en jy verdien het om daar te staan. Ons het daardie straf verdien, maar Jesus kom en gee Homself in ons plek sodat ons verlos en nuut kan wees. Ons sien Jesus onskuldig en tog as skuldige vervolgd, omdat ons skuldig is maar in Hom onskuldige gemaak word.

As dissipel van Jesus moet jy daarom baie bewus leef van jou afhanklikheid van die Here en van sy voorbeeld van offer. Om volgelingen te wees wat ook alles offer omdat ons dankbaar is dat Jesus onskuldig vir skuldige alles geoffer het. Om volgelingen te wees wat nie die offer van Jesus ligtelik opvat deur sy roeping vir jou lewe “ligtelik” te hanteer nie.

Sing: Psalm 54-1:1, 2

Ds. RJ Pretorius (Rynhardt) (Buffeldoorns)